

'n Oortuiging en 'n Begeerte (OP91)

Heb 6:9-12

29 Mei 2022

Die afgelope twee weke het ons gekyk na die onderbreking in die beskrywing oor die Seun as Hoëpriester. Die skrywer het sy beskrywing van die Seun onderbreek omdat die Hebreërs traag geword het om te leer, en die skrywer nie oortuig was hulle was ontvanklik vir die detail uitleg van die Seun as Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek nie. Hy het hulle eerstens daarop gewys dat hulle traagheid om te leer, nie net tot gevolg het dat hulle nie groei nie, maar dit het ook die gevolg dat hulle die kennis wat hulle reeds gehad het, weer verloor. I.p.v dat hulle ander leer, moet hulle nou weer dieselfde grondwaarhede oorgeleer word. Daarna het hy vir hulle gewys dat as hierdie proses end-uit verloop, kan dit die gevolg hê dat hulle die punt kan bereik waar hulle hulle rug finaal op God en Sy werk draai, die punt waar hulle die sonde teen die Heilige Gees pleeg. Hierdie punt word bereik wanneer iemand herhaaldelik die voorregte smaak wat in verse 4-5 beskryf is, maar dit lewer nooit vrug nie, trouens dit bereik die punt waar die persoon finaal wegloop. Die tragiese realiteit is dat so iemand nie weer tot bekering kan kom nie – hy gaan vir ewig verlore.

Voordat ons nou na verse 9-12 kyk, laat my toe om net nog die opmerking te maak. Ons sê dikwels die mensdom bestaan uit twee groepe: gelowiges en ongelowiges – en dit is natuurlik waar. Maar in die lig van wat ons in hierdie gedeelte geleer het, is dit nuttig om te dink aan 'n derde groep: Natuurlik is daar die ongelowiges in die wêreld wat God nie ken en dien nie, en natuurlik is daar die gelowiges in die kerk wat God wel ken en dien. Maar daar is 'n derde groep: die ongelowiges in die kerk. Dit is mense wat al die voorregte van gelowige wees smaak, maar nooit werklik tot geloof kom en vrug dra nie, en wat eventueel hulle rug op die Here draai. Met verloop van tyd toon hulle hulle ware kleure. Kan ek jou herinner aan die gelykenis van die bruilof in Mat 22:1-14. Die gelykenis handel oor die koninkryk van die hemel. In die gelykenis nooi die koning baie uit na sy bruilofsfees – maar die genooies het allerhande verskonings – dit verwys na die ongelowiges in die wêreld. As hulle nie kom nie, stuur die koning sy slawe uit op die strate en nooi hulle na die bruilofsfees. Baie kom en die feessaal word vol. Die meeste gaste het bruilofsklere aan – hulle is die ware gelowiges. Hulle bruilofsklere is die vrug wat hulle dra (dink maar aan die beskrywing in Op 19 oor die bruilofsmaal van die Lam). Maar dan is daar ook 'n man in die feessaal sonder bruilofsklere aan – hy is tussen die gelowiges, maar sonder vrug – hy is deel van daardie derde groep wat in die kerk is, maar tog ongelowig. In die gelykenis word hy uitgegooi in die diepste duisternis – hy kan nooit weer tot geloof kom nie. Jesus sluit die gelykenis af en sê in vers 14: “Baie is immers geroep, maar min is uitverkies” – of in Heb 6 se taal: Baie is eenmaal verlig en het die hemelse gawe, die werk van die Heilige Gees, die Woord van God en die kragte van die toekomstige tyd gesmaak, maar min is uitverkies en bereik die punt waar hulle vrug dra.

Kom ons beweeg nou aan na Heb 6:9-12. Die gedeelte is steeds deel van dieselfde argument van die skrywer. In hierdie gedeelte sê die skrywer hy het 'n sekere oortuiging oor die Hebreërs (vers 9) en hy het ook begeerte / verlange / vurige wens oor hulle (vers 11). Kom ons kyk eers na sy oortuiging.

Skrywer se oortuiging oor die Hebreërs (Heb 6:9-10)

Na sy ernstige waarskuwing aan lesers, begin die skrywer en sê: “Maar, geliefdes....” Hierdie is die enigste plek in die brief waar die skrywer sy lesers aanspreek as geliefdes, en dit is opvallend dat dit juis direk na sy ernstige waarskuwing is. Al het hy hulle ernstig aangespreek, is hy steeds lief vir hulle. Miskien moet ons eerder sê, omdat hy lief is vir hulle, het hy hulle ernstig aangespreek. Dit is nie 'n koue teregwyding nie, nee, dit kom in warm liefde. Hy het in hulle belang opgetree in liefde, omdat

hy net die beste vir hulle in gedagte het. Ons moet dit ook onthou: om lief te hê beteken ook om waarskuwings te bring as dit nodig is.

Die punt wat die skrywer maak, is: Al het hy hulle in die voorafgaande verse so ernstig gewaarsku, is hy aangaande hulle van beter dinge oortuig. Die NAV sê hy is oortuig hulle sal gered word – dit is 'n interpretasie van die oorspronklike. Die OAV kom nader aan die oorspronklike: Hy is oortuig dat daar dinge by die Hebreërs teenwoordig is wat saamhang met die saligheid. M.a.w. hy sien dat daar sekere dinge teenwoordig is by die Hebreërs – en die teenwoordigheid van hierdie dinge oortuig hom dat hierdie waarskuwing oor mense wat net die voordele van die geloof gesmaak het maar nooit by vrug uitgekom het nie, nie van hulle waar is nie. Hy oordeel dus hulle is ware gelowiges. Daar is voorbeelde in die Bybel waar Paulus dieselfde doen. In Rom 15:14 sê Paulus van die Romeine dat hy oortuig is hulle is vol goedheid, vervul met kennis en in staat om mekaar te vermaan. In 2 Tim 1:5 sê hy van Timoteus dat hy oortuig is van Timoteus se opregte geloof, wat ook in sy ma en sy ouma was. Ons het hier voorbeelde van mense, leiers, wat 'n oortuiging het rakende die geestelike stand van die mense met wie hulle werk.

Die feit dat die Hebreërskrywer 'n oortuiging oor sy lesers het, is natuurlik die resultaat van die feit dat hulle geliefdes is van mekaar. Sy lering is nie maar net koud en klinies nie, nee, hy het 'n oortuiging van hulle geestelike stand, en hy tree sodanig op dat dit tot hulle voordeel is. Nou kan jy vra: Maar hoekom het hy daardie ernstige waarskuwing aan hulle gerig as hy oortuig is dit is nie van hulle waar nie? Onthou wat ons laasweek gesê het: die uiteinde van traagheid of “backsliding” kan afvalligheid wees – maar dit hoef nie. Deur die waarskuwing wil hy hulle wys hoe gevaarlik hulle traagheid is en waarop dit kan uitloop as hulle nie daaraan aandag gee nie – hulle moet dit deeglik verstaan. As hy dit verduidelik het, oordeel hy egter dat hulle nog nie die punt van afvalligheid bereik het nie, en daarom is daar nog geleentheid om die situasie aan te spreek.

Vers 10 verduidelik vir ons wat die dinge is wat die skrywer by die Hebreërs waargeneem het wat hom oortuig het. Sy oortuiging kom van die feit dat hy werke by die Hebreërs sien – dit sluit aan by verse 7-8, die gelykenis van die saaiër en die gelykenis van die bruilof waar ons gesien het die onderskeid tussen 'n ware gelowige en 'n voorgewig-gelowige is die teenwoordigheid van vrug. Dit is in lyn met Jak 2:17 wat sê geloof sonder werke is dood. Tit 2:14 beskryf dit soos volg: “Hy het Homself vir ons as offer gegee om ons van alle ongeregtigheid vry te maak en ons van sonde te reinig, sodat ons Sy eie volk kan wees wat ywerig is om die goeie te doen”.

Die werke wat die skrywer by hulle sien, beskryf hy as: liefde-arbeid wat hulle vir God se Naam doen deurdat hulle die heiliges (d.w.s. hulle medegelowiges) gedien het en nog dien (OAV). Daar is 'n paar aspekte van hierdie werke wat ons moet raaksien:

- Dit is werke. Dit is dus dade. Daar het iets gebeur. Hulle het dinge gedoen. Dit was sigbaar. Die skrywer kon dit sien.
- Hierdie werke was liefde-arbeid. Wat gedoen is, is in liefde gedoen. Liefde was die gesindheid waarin die werke gedoen is.
- Die werke was diens aan medegelowiges. Byvoorbeeld: In God se wysheid het Hy besluit dat daar van tyd tot tyd medegelowiges gaan wees wat ly, en dan het die lesers hierdie persone wat ly, gedien – in liefde.
- Maar hulle het ook die werke vir God se Naam gedoen. Die doel was nie net om medegelowiges te dien nie, maar terselfdertyd was dit ook diens aan God. Mat 25:34-40 maak dit vir ons duidelik. As die skape van die bokke geskei word, en die Koning, dit is die Seun, vir die skape sê hulle het vir Hom kos, water, huisvesting of klere gegee, en hulle Hom dan vra wanneer het hulle dit gedoen, antwoord Hy hulle: “Vir sover julle dit aan een van die

geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen". Diens aan medegelowiges is ook diens aan God.

- Die werke het voortdurend voorgekom. Hulle het hierdie diens al in die verlede verrig, en hulle gaan steeds daarmee voort.

Dit is die werke wat die skrywer by sy lesers sien en wat hom van beter oortuig aangaande hulle. Hy voeg ook in vers 10 by: God is nie onregverdig nie, en daarom sal God nie hierdie werk van hulle vergeet nie. Daar is dikwels 'n bekommernis oor hierdie stelling deurdat gevoel word hier word gesê God sien die werke van die Hebreërs raak, en Hy sal dit nie vergeet nie, en gevolglik sal Hy hulle red omdat Hy hierdie werke by hulle sien. M.a.w. daar word soms geredeneer ons het hier regverdigmaking deur werke. Maar dit is glad nie die punt hier nie. Ons het mos sopas in Titus 2 gesien dat God Sy Seun gegee het om ons van ons ongeregtigheid vry te maak – sodat ons ywerig die goeie dinge sal doen. Ons moet die volgorde goed verstaan: Die Seun het geregtigheid gewerk, die gelowige kry deel aan daardie geregtigheid deurdat hy in die Seun glo as Sy Verlosser. Die gevolg hiervan is ywer om die goeie dinge te doen. Wat die Hebreërskrywer nou redeneer is: Hy sien die goeie dinge in die praktyk by die Hebreërs. Dit moet dus beteken daar is by hulle geloof in die Seun. Dit moet beteken hulle is geregverdig deur hierdie geloof in die Seun. En God is nie onregverdig nie, en daarom verander Hy nie nou die reëls van Sy verlossingsplan nie – en daarom kan die skrywer die gevolgtrekking maak, juis omdat God regverdig is, dat as hy die resultaat van goeie dinge in die lewens van sy lesers sien, kan hy oortuig wees van beter dinge aangaande hulle (dat hulle gered sal word, soos die NAV dit vertaal), kan hy oortuig wees hulle het nog nie afvallig geword van God nie.

Skrywer se begeerte / verlange / vurige wens vir sy lesers (Heb 6:11-12)

Nadat die skrywer hierdie ernstige waarskuwing aan sy lesers gerig het, en nadat hy hulle bemoedig het deurdat hy geskryf het dat hy van beter dinge aangaande hulle oortuig is, gaan hy nou in verse 11-12 voort deur aan hulle te skryf wat sy begeerte is vir hulle. Die OAV vertaal dit met 'n "verlange" – maar miskien het die NAV die beste vertaling: 'n vurige wens. Dit is werklik 'n intense, vurige begeerte wat hy vir hulle het – weereens nie 'n koue, lewelose, bloot formele begeerte nie. Let ook op, hy het hierdie vurige begeerte vir elkeen van hulle – nie net vir die leiers nie, nie net vir die persone met wie hy 'n beter verhouding het nie – nee, vir elkeen van sy lesers. Weereens is daar verskeie aspekte van hierdie begeerte wat vir ons gegee word:

- Hy het 'n begeerte dat elkeen van die lesers ywer sal hê (vers 11). In vers 12 voeg onderstreep hy dit deur te sê hulle moet nie traag word nie. Onthou waar het hierdie hele onderbreking van die beredenering oor die Seun as Hoëpriester begin – dit het begin by die feit dat die lesers traag geword het om te leer. Die vurige begeerte van die skrywer is dat hierdie traagheid moet plek maak vir ywer. En dit is nie net beperk tot ywer om te leer nie, maar ook ywer vir daardie werke wat hy by hulle sien. Dit herinner aan Paulus wat vir Timoteus sê: "Lê jou op hierdie dinge toe, leef daarin, sodat almal jou vordering kan sien."
- Die doel met die ywer is dat dit tot gevolg moet hê dat die lesers sal kom tot "volkome sekerheid van die hoop" (OAV). Gelowiges het tog 'n hoop waaraan hulle vashou – 'n hoop op die volle realisering van God se koninkryk, 'n hoop om finaal gered te word, om onberispelik te wees, om die ewige heerlikheid saam met God deur te bring. Dit is daardie ewige rus waarvoor hy al breedvoerig aan hulle geskryf het en wat steeds vir gelowiges wag. Onthou Rom 5:2 waar Paulus sê dat as deel van die vrug van vryspraak het ons vreugde in die hoop op die heerlikheid wat God vir ons bestem het. Die begeerte van die Hebreërskrywer is dat die lesers deur hulle ywer sal kom by volkome sekerheid oor hierdie hoop. Onthou sy betoog in die brief dat dit net eenvoudig nie sin maak om terug te gaan na

die Joodse geloof nie – nee, hy begeer dat hulle volle sekerheid sal kry oor daardie heerlike eindpunt van geloof in die Seun en dat dit 'n einde sal bring aan enige begeerte om terug te keer na die Joodse geloof.

- Vers 11 voeg by dat hierdie begeerte van ywer ook insluit dat hulle in die ywer sal volhard tot die einde toe. In Heb 3:14 het hy al geskryf: “Ons behou deel aan Christus as ons end-uit volhard in die vertrouwe waarmee ons begin het”. Dit is tog in lyn met wat Jesus in Sy profetiese rede gesê het: “Maar wie tot die einde volhard, sal gered word” (Mat 24:13), en ook met Op 2:26: “Aan elkeen wat die oorwinning behaal en tot die einde toe volhou om te doen wat Ek wil hê, sal Ek mag en gesag oor die nasies gee.”
- Nog 'n deel van sy begeerte vir die lesers word in vers 12 gegee. Hy begeer dat die lesers navolgers sal word van diegene wat erfgename van die belofte is (OAV). In verse 13-20 brei hy heelwat uit hieroor deur na die belofte wat die Here aan Abraham gemaak het en wat Hy met 'n eed aan hom bevestig het, te kyk – as die Here wil sal ons volgende week daarna kyk. Die punt is egter duidelik: die belofte is God se verbondsbeloftes, en die erfgename van hierdie verbondsbeloftes is natuurlik die ware gelowiges, soos Abraham, en soos die Ou Testamentiese gelowiges wat die skrywer in Heb 11 beskryf. Wat die skrywer begeer sy lesers moet navolg van hierdie gelowiges, is hulle geloof en hulle geduld waarin hulle volhard het tot hulle ontvang het wat aan hulle beloop is. Die Hebreërs sit en wik en weeg of dit die moeite werd is om te volhard in die Christelike geloof, en die skrywer sê vir hulle hulle moet voorbeelde kry van medegelowiges, soos Abraham, wat volhard het in die geloof en geduldig gewag het tot die vervulling van God se beloftes. Die voorbeeld van hierdie persone moet die lesers aanspoor om in die geloof met sekerheid vas te hou aan die hoop, en intussen moet hulle geduldig wag op die realisering van die hoop en nie hulle ywer verloor nie.

Vergelyk wat ons hier lees met 2 Pet 1:3-11. Kom ons lees dit:

- Vers 4: Dit is moontlik om die begeerlikhede van hierdie wêreld te ontvlug en deel te kry aan die Goddelike natuur – dit was tog juis die begeerlikhede van hierdie wêreld wat die saad tussen die onkruid verstik het.
- Vers 5: Om deel te kry aan die Goddelike natuur moet ons met ywer alles in die stryd werp – soos wat die Hebreërskrywer begeer.
- Verse 6-7: Let op hoe Petrus o.a. ook klem lê op groei in kennis, en ook op liefde – liefde onder mekaar en naasteliefde – soos die Hebreërskrywer.
- Vers 8: Hierdie dinge moet nie net teenwoordig wees nie – dit moet voortdurend groei, soos die Hebreërskrywer ook sê.
- Vers 10: As julle die dinge doen, sal julle nooit struikel nie – dit sal sekerheid van die hoop gee, soos wat die Hebreërskrywer sê.
- Vers 11: Die uiteinde is vrye en feestelike toegang tot die ewige koninkryk van ons Here en Verlosser, Jesus Christus, in lyn met die begeerte van die Hebreërskrywer.

Opsomming: Heb 5:11-6:12

Kom ons staan vir 'n oomblik terug en kyk na die hele argument van die skrywer vandat hy sy beskrywing oor die Seun as Hoëpriester onderbreek het tot hier aan die einde van vers 12.

Die skrywer is besorgd oor sy lesers. Hy is besorgd oor hulle gebrek aan ywer om te leer. Omdat hulle traag is om te leer, kan hy nie vir hulle gevorderde waarhede, soos die Hoëpriesterskap van die Seun volgens die orde van Melgisedek, aan hulle verduidelik nie. Sy besorgdheid is dat hulle hoogstens melk kan hanteer, nie vaste kos nie. Die gevaar is dat hulle agteruit beweeg in die geloof.

Die gevaar is hulle raak onervare in geregtigheid en gevolglik kan hulle nie meer onderskei tussen goed en kwaad nie. Duidelik is dit ernstig en as hierdie proses van agteruit beweeg volhou kan dit dramatiese gevolge hê. Hy verduidelik vir hulle die realiteit is dat daar mense in gemeentes voorkom wat t.s.v. die feit dat hulle eenmaal deur God verlig is, die hemelse gawe gesmaak het, die werk van die Heilige Gees ervaar het, God se Woord gesmaak het, en die heerlijkheid van die hoop waarheen alles op pad is, gesmaak het – nogtans afvallig word. Sy punt is dat hulle moet gaan besin of dit nie dalk waar is van hulle nie. Dit is belangrik en dringend om daarvoor te gaan dink – want as dit waar is, gaan hulle by afvalligheid eindig, en dan kan hulle nooit weer tot bekering kom nie.

Maar dan sê hy ook vir hulle, alhoewel afvalligheid 'n moontlike uiteinde is vir mense wat deel van gemeentes is, alhoewel hy besorgd is oor hulle traagheid om te leer, is hy tog ook oortuig dat hulle nog nie die punt van afvalligheid bereik het nie. Die rede vir sy oortuiging is nie maar net gebaseer op 'n warm gevoel of op sy liefde vir hulle nie. Nee, hy is oortuig want hy sien by hulle daade wat uit liefde gedoen word in diens van medegelowiges, en dus ook in diens van God. Hy sien ook hierdie dienswerk was nie maar eenmalig of sporadies nie – nee, hulle hou vol hier in. Die traagheid wat daar by hulle is, is dus 'n aanduiding dat hulle teruggegly het in die geloof, maar hulle het nie afvallig geword nie. Hy is dus steeds oortuig dat hulle gelowiges is.

En daarom het hy 'n vurige begeerte vir hulle: Hy begeer dat hulle weer met ywer sal leer en werk. Hy begeer dat hierdie hernude ywer, hulle sal oortuig van die absolute sekerheid van die hoop wat wag vir gelowiges. Hy begeer dat hulle so oortuig sal wees van hierdie hoop, dat hulle end-uit sal volhou, dat hulle oorweging om terug te gaan na die Joodse geloof, doodeenvoudig sal verdwyn en nooit weer na vore sal kom nie. Hy begeer dat leer by en van ander gelowiges. Dit kan Ou Testamentiese gelowiges wees, soos Abraham, maar kan ook eietydse gelowiges wees wat reeds demonstreer dat hulle geduldig in die geloof volhard op die vervulling van God se beloftes.

Toepassings

Kom ons dink oor twee implikasies uit wat ons hier geleer het:

1. Die skrywer het die begeerte gehad dat sy lesers moet kom tot volle sekerheid van die hoop. Dit laat die vraag ontstaan of ons werklik sekerheid kan hê oor die hoop wat ons het, en by implikasie, of ons werklik sekerheid ken hê of ons gelowiges is? Dit blyk uit die gedeelte wel moontlik te wees – immers die skrywer was van beter dinge oortuig rakende sy lesers. Hy was oortuig hulle was gelowiges. Wat hom oortuig het was die feit dat hy by sy lesers voortdurende en volgehoue liefde-arbeid gesien het in diens van hulle medegelowiges en in die Naam van God. As ons dus sekerheid wil hê, moet ons na ons eie lewens gaan kyk om te sien of dit gekenmerk word deur volgehoue liefde-arbeid tot voordeel van medegelowiges en tot eer van God. As jy totaal onbekend is daarmee om iets te doen vir 'n medegelowige bloot gedring deur jou liefde vir die persoon, sonder om iets terug te verwag, beteken dit dat jy weer moet gaan besin of jy werklik seker kan wees jy is gered. As sulke optrede slegs sporadies voorkom, moet jy ook gaan besin of jy nie dalk in valse gerustheid leef nie. As jou lewe gekenmerk word deur traagheid – traagheid om te leer, traagheid om diensbaar te wees, traagheid om God te dien in gebed of eredienste – moet jy weer gaan besin of jy werklik seker kan wees. As jou ywer besig is om af te neem, moet jy gaan wonder. Gestel jy kom tot die slotsom jy het nie rede om seker te kan wees nie - wat moet jy dan doen? Wel, dan moet jy jou inspan om die geloof wat daar in jou is, te voed dat dit kan groei. Verryk jou geloof met deugsamheid (dus begin om met ywer te dien), en kennis (dus studeer met ywer) en selfbeheersing (dus lê ywer aan die dag om nie net aan jou self te dink nie) en volharding (dus lê ywer aan die dag om te kan aanhou met ywer) en godsvrug (dus lê jou

met ywer daarop toe om te doen wat God wil) en liefde onder mekaar en liefde vir alle mense (dus maak seker jou ywer word gedring deur liefde). Verder, identifiseer 'n paar gelowiges wat wel hierdie ywer toon, en leer van hulle. Die punt is: Hoe meer jy van God en Sy werk leer, hoe meer sal jy aangegryp word daardeur, hoe meer sal jy 'n begeerte ontwikkel om medewerker te wees in hierdie werk (die Heilige Gees werk tog deur die Woord). Hoe meer jy werk, hoe meer ervaar jy die vreugde van dienswerk, en hoe minder belangrik raak die begeerlikhede van die wêreld. Hoe meer jy leer en hoe meer jy diensbaar word, hoe meer begin jy uitsien na die heerlike hoop wanneer God se werk finaal voltooi sal wees. Hoe meer jy hierna uitsien, hoe meer word jy oortuig jy wil ook daar wees. Hoe meer jy daar wil wees, hoe meer verstaan jy die noodsaak aan 'n Verlosser en dat daar net een Verlosser is – dit is die Seun, en hoe meer gryp jy aan Hom vas in die geloof – en hoe meer jy verstaan wat Hy vir jou gedoen het, hoe meer word jy bereid om liefde-arbeid te verrig. En in hierdie proses waar die een ding op die ander bou, word jy absoluut seker van die hoop. Dit vereis egter inspanning en ywer – iets wat ongelukkig nie so algemeen in die kerk van ons tyd is as wat mens sou verwag het nie.

2. Die manier waarop die Hebreërskrywer hier optree, gee vir ons kosbare beginsels oor hoe leiers, veral iemand wat in 'n herdersrol is, in die kerk behoort op te tree. Soos wat die skrywer 'n deeglike kennis gehad het van God se werk, behoort herders ook 'n deeglike kennis te hê. Soos wat die skrywer verstaan het dat daar ernstige gevolge is wanneer mense traag word, behoort herders hulle ook in te grawe in die gevolge van traagheid. Soos wat die skrywer bewus was dat daar traagheid onder sy lesers was, behoort herders ook deurgaans bewus te wees van die stand van sake onder die mense onder hulle sorg. Soos wat die skrywer dit nodig geag het om hard, dringend en reguit met sy lesers te praat, behoort herders ook die onderskeidingsvermoë te hê om die nodigheid daarvoor raak te sien, en om dit te doen wanneer dit nodig is. Soos wat die skrywer 'n oortuiging gehad het dat sy lesers teruggegly het, maar nie afvallig was nie, behoort herders ook 'n oortuiging te hê oor hulle kudde. Soos wat die skrywer sy oortuiging kon verdedig, moet herders ook hulle standpunt kan verdedig. Soos wat die skrywer sy lesers kon aanmoedig om nuwe ywer aan die dag te lê, so moet herders dit ook doen. 'n Herder kan nie onbetrokke wees, en alleen maar fokus op vae, algemene lering nie. Dit moet die kudde se spesifieke situasie in ag neem en dit adresseer.

Mag die Here dit so bewerk dat ek en jy en elkeen wat deel is van jou geloofsgemeenskap ook 'n vurige begeerte sal hê dat ons elkeen ywer sal toon om te kom tot volkome sekerheid van ons hoop, tot die einde toe.